

Hoofstuk 5

Gevolgtrekkings en Voorgestelde Sillabus.

5.1 Inleiding.

In hoofstuk 2 is bevind dat die sillabus met metodiese aanwysings bo die suiwer inhoudsillabus verkies word.¹⁾ T.o.v. leerstofordening word die logies-psigologiese leerstofordening aanbeveel.²⁾ In die sillabus met metodiese aanwysings moet die volgende ingesluit word: metodiek, 'n aanduiding van hulpmiddels, naslaanwerke, voorbeeld van 'n toetsprogram en ook die aantal periodes vir elke onderafdeling. Ten einde die leerstof in 'n sillabus logies-psigologies te orden, moet die leerstof in eenhede verdeel word en onder elke eenheid moet die doelstellings van die bepaalde eenheid, leerstof, metodiek, naslaanwerke en aantal periodes aangegee word.

'n Sillabus moet ook voorafgegaan word deur die doelstellings van die betrokke vak.³⁾ Verder is bevind dat Algemene Didaktiek as naam vir die vak verkies word bo Algemene Metodiek.⁴⁾

In die lig van bogenoemde sal die Algemene Didaktieksillabus, soos voorgestel nadat die vorige

-
1. Vgl. 2.5, p. 67.
 2. Vgl. 2.4.4, p. 65.
 3. Vgl. 2.2, p. 33.
 4. Vgl. 1.4, p. 21.

hoofstukke se aanbevelings in ag geneem is, onder die volgende hoofde gestel word: doelstellings van Didaktiekonderrig, algemene metodiese aanwysings, inhoud van die sillabus en ordening en vorm van sillabus.

5.2 Doelstellings van Didaktiekonderrig.

Die volgende doelstellings soos in hoofstuk 3 geformuleer, word vir die Algemene Didaktiek-sillabus voorgestel:

5.2.1 Algemene Doelstellings.

5.2.1.1 Om die student n funksionele kennis van en insig in die Didaktiek in samehang met die Pedagogiek te laat verwerf.

5.2.1.2 Om die student insig te laat verwerf in opvoedende onderwys, gebaseer op n Christelike lewens- en wêreld-beskouing.

5.2.2 Besondere Doelstellings.

5.2.2.1 Om die student in staat te stel om te weet waarom sekere leerinhoude onderrig behoort te word en ander nie.

5.2.2.2 Om die student in staat te stel om te weet waarom sekere opvoedkundige gegewens in die praktyk van die opvoeding aangewend kan en moet word.

5.2.2.3 Om die student in staat te stel om te kan beslis hoe om die leerinhoude oor te dra.

5.3 Algemene Metodiese Aanwysings.

Nadat die doelstellings aangegee is, behoort enkele opmerkings t.o.v. benadering en metode in die Algemene Didaktiek aangegee te word. Die volgende is voorstelle in hierdie verband:

- 5.3.1 Die Didaktiek moet as deel-dissipline van die Pedagogiek benader word en nie losstaande daarvan nie.
- 5.3.2 By die behandeling van die meer abstrakte werk, soos n omskrywing van Didaktiek en ook die Didaktiese beginsels, moet die vermoë en belangstelling van die studente spesiaal in ag geneem word.¹⁾ Dit moet dus van die studente verwag word om slegs die essensiële in elke geval te begryp en verder moet die behandeling op die ervaringswêreld van die studente gebaseer word.
- 5.3.3 Die werk moet met voortdurende toeligting uit die praktyk gepaard gaan, sodat die verband tussen die Algemene Didaktiek en Besondere Didaktiek duidelik blyk.²⁾ Op hierdie wyse kan die sillabus spesifiek op die primêreskool toegespits word.
- 5.3.4 Aangesien die studente so graag die werk memoriseer sonder dat hulle insig het, moet spesifieke aandag daaraan geskenk word. Die ideaal moet wees dat die

1. Dit geld vir die hele sillabus, maar in die geval van die abstrakte werk, moet veral in ag geneem word dat die Bantoe meer konkreet-gebonde is.

2. Vgl. bylae C, p. 219.

studente die werk deeglik sal verstaan, sodat hulle in die onderwyspraktyk in staat sal wees om self oplossings vir hulle probleme te vind. Hulle moet dus hulle kennis kan toepas.

- 5.3.5 Die studente moet aangemoedig word om hulle Didaktiekkennis tydens die proefonderwys toe te pas.

5.4 Die Inhoud van die Algemene Didaktieksillabus vir die P.O.S.

Na aanleiding van die evaluering van die inhoud van die Algemene Metodiëksillabus in Hoofstuk 4, word die volgende inhoud voorgestel vir die Algemene Didaktieksillabus vir die Primêre Onderwyser-sertifikaat van die Departement van Bantoe-Onderwys.

Algemene Didaktiek, P.O.S.

1. Didaktiek: (Begripsomskrywing).
 - 1.1 n Omskrywing van Didaktiek as deeldisipline van die Pedagogiek.
 - 1.2 Algemene en Besondere Didaktiek.
 - 1.3 Die verskil tussen Algemene Metodiek en Algemene Didaktiek.
2. Die Didaktiese Situatie:
 - 2.1 Die deelnemers:
 - 2.1.1 Die Onderwyser: Sy verantwoordelikheid in die didaktiese situasie.
 - 2.1.2 Die leerling: Die onderwys moet by hom as onvolwassene aanpas.
 - 2.2 Die leerinhoud: Pedagogiese betekenis daarvan.

3. Algemene Didaktiese Beginsels:
 - 3.1 Totaliteitsbeginsel.
 - 3.2 Motiveringsbeginsel.
 - 3.3 Waarnemingsbeginsel of aanskouingsbeginsel.
 - 3.4 Heembeginsel.
 - 3.5 Aktiwiteitsbeginsel.
 - 3.6 Indiwidualiseringsbeginsel.
4. Metodes van Leerstofaanbieding:
 - 4.1 Verhalende metode.
 - 4.2 Projekmetode.
 - 4.3 Besprekingsmetode.
 - 4.4 Handboekmetode.
 - 4.5 Speelmetode.
 - 4.6 Eksperimenteringsmetode.
 - 4.7 Drilmetode.
 - 4.8 Dramatiseringsmetode.
 - 4.9 Deduktiewe metode.
 - 4.10 Induktiewe metode.
5. Leer:
 - 5.1 Wat is leer?
 - 5.2 Faktore wat die leerhandeling beïnvloed:
 - 5.2.1 Leergereedheid.
 - 5.2.2 Taal.
 - 5.2.3 Ervaring.
 - 5.2.4 Opmerksaamheid en konsentrasievermoë.
 - 5.2.5 Beloning en bestraffing.
 - 5.2.6 Sukses en mislukking.
 - 5.2.7 Affektiwiteit.
 - 5.2.8 Die kind se leefwêreld.
 - 5.2.9 'n Tydige ontmoeting met die onderwyser.
 - 5.2.10 Voldoende geleentheid vir inoefening.

5.2.11 Wedywering.

5.2.12 Tydige kritiek en evaluering
deur die onderwyser.

6. Lesbeplanning en Lesverloop:

6.1 Leerstofkeuse en -samestelling.

6.2 Lesontwerp en -verloop:

6.2.1 Oorwegings by die lesontwerp.

6.2.2 Enkele faktore wat die les-
beplanning en -verloop beïn-
vloed.

6.2.2.1 Leerstofkeuse.

6.2.2.2 Hulpmiddele.

6.2.2.3 Die aandeel van die
leerlinge.

6.2.2.4 Kontrole en begeleiding:
Hulpverlening.
Foute-analise.
Remediëring.

6.2.2.5 Faktore wat as aansporing
dien vir die leergebeure,
en wat dit behou en
verdiep.

6.2.3 Die voorbereiding van die onderwyser.

6.2.4 Algemene kriteria vir aanleg by
lesontwerp.

7. Vrae:

Dit gaan hier om en oor vrae wat gedurende n
les óf deur die onderwyser óf deur die leerlinge
gestel word.

7.1 Soorte vrae:

7.1.1 Vrae gestel oor gedane werk om n
aanknopingspunt te vind of vas
te stel of die leerlinge die
behandelde leerstof verstaan.

- 7.1.2 Vrae om die leerlinge te prikkel om self konstruktief of skeppend te dink, of om eie afleidings te maak.
 - 7.2 Wanneer en waarom vrae gestel word:
 - 7.2.1 Aan die begin van n les.
 - 7.2.2 Gedurende die aanbieding van die les.
 - 7.2.3 Aan die einde van die les.
 - 7.2.4 Vir en in elke les moet die regte atmosfeer geskep word en n lewendige belangstelling behou word.
 - 7.3 Hoe en waarom leerlinge aangemoedig moet word om self vrae te stel.
 - 7.4 Situasies en omstandighede waaronder leerlinge spontaan vrae sal stel.
 - 7.5 Die beantwoording van leerlinge se vrae.
 - 7.6 Die goeie tipe vraag en vrae wat liewers vermy moet word.
 - 7.7 Die leerlinge se antwoorde en wat daarin en daarmee van hulle verwag word.
8. Hulpmiddels:
- 8.1 Die waarnemingsbeginsel as uitgangspunt en grondbeginsel vir die gebruik en waarde van hulpmiddels.
 - 8.2 Die korrekte keuse en gebruik van hulpmiddels.
 - 8.3 Die funksie wat hulpmiddels as sodanig verrig. Dit:
 - 8.3.1 Motiveer die leerlinge.
 - 8.3.2 Stimuleer belangstelling en bevorder die ontwikkeling van verwante belangstellings.

- 8.3.3 Verseker goeie kontak met die klas as groep.
- 8.3.4 Bevorder volgehoue aandag en belangstelling.
- 8.3.5 Bevorder denkprosesse en redeneringsvermoë.
- 8.3.6 Vergemaklik behoud van leerstof.
- 8.3.7 Verryk die ervaring.
- 8.3.8 Verskaf praktiese illustrasies en demonstrasie.
- 8.4 Soorte Hulpmiddels: (Gebruike, voor- en nadele van elk).
 - 8.4.1 Visuele:
 - 8.4.1.1 Nie-geprojekteerde hulpmiddels, bv. skryfbord, flennie- en plastiekbord, flitskaarte, muurkaarte, prente, modelle, speletjies, ens.
 - 8.4.1.2 Geprojekteerde hulpmiddels, bv. filmskyfies, filmstrokies, truprojektor, 8 mm.-enkel begripfilm.
 - 8.4.2 Oudiële hulpmiddels:
 - 8.4.2.1 Platespeler.
 - 8.4.2.2 Bandopnemer.
 - 8.4.2.3 Radioprogramme.
 - 8.4.2.4 Taalonderrigmasjien.
 - 8.4.3 Oudiovisuele hulpmiddels:
 - 8.4.3.1 Verklankte filmstrokies.
 - 8.4.3.2 16 mm.-klankfilm.

9. Toetsing: Eksaminering, Meting of Evaluering:

- 9.1 Wat word onder toetsing, eksaminering, meting en evaluering verstaan?
- 9.2 Voor- en nadele van interne en eksterne eksamens.

9.3 Soorte toetse:

- 9.3.1 Toetse om aanleg te bepaal.
- 9.3.2 Toetse om bedrewenheid of vaardigheid te bepaal.
- 9.3.3 Toetse om prestasie te bepaal.
- 9.3.4 Diagnostiese toetse.
- 9.3.5 Vrae kan gestel word om gememoriseerde werk te toets.
- 9.3.6 Vrae kan gestel word om die leerlinge se denk- en redeneervermoë te toets.

9.4 Die volgende oorwegings moet in verband met toetsing en meting in ag geneem word:

- 9.4.1 Toetsing moet gereeld geskied (weekliks, maandeliks, kwartaal- liks) maar nie oordoen word nie. Toetsing is nie onderrig nie.
- 9.4.2 Vrae moet binne die leerling se begripsvermoë val en alleen oor werk wat deeglik behandel en vasgelê is, gestel word.
- 9.4.3 Vrae moet in eenvoudige en verstaan- bare taal gestel word. Gee n voorbeeld van wat verlang en verwag word.
- 9.4.4 Die eerste vrae van die vraestel moet redelik maklik wees en dan geleidelik moeiliker word.
- 9.4.5 Die kort (Ballard) en lang- of opsteltipevraag.
- 9.4.6 Die leerlinge moet voldoende tyd kry om die vraestel te beantwoord tensy dit n spoedtoets is.
- 9.4.7 Hou deeglik toesig terwyl die leer- linge die vrae beantwoord.

- 9.4.8 Gebruik antwoordmemoranda om die toets na te sien.
- 9.4.9 Hou verslag van die toegekende punte op 'n puntetaal of in 'n punteboek.
- 9.4.10 Vraestelle, antwoordmemoranda, antwoordskrifte en puntelyste moet aan die hoof voorgelê word vir goedkeuring en moderering.
- 9.4.11 Liasseer voorbeelde van vraestelle en antwoordmemoranda.
- 9.4.12 Remediërende werk moet op elke toets volg.

10. 'n Vergelyking tussen die Moderne en Tradisionele Benadering in die Onderwys:

- 10.1 Kenmerke van die moderne benadering.
- 10.2 Kenmerke van die tradisionele benadering.

5.5 Ordering en Vorm van die Sillabus.

In hoofstuk 2 is bepaal dat die ideaal is om 'n sillabus met metodiese aanwysings saam te stel en dan ook nog die leerstof logies-psigologies te orden. Om die hele Algemene Didaktieksillabus volgens hierdie beginsels saam te stel, sal 'n hele studie op sy eie wees. So 'n samegestelde sillabus kan as handboek of gids vir die onderwyser dien wat hy nie noodwendig moet volg nie, maar wat tog baie nuttig deur hom gebruik kan word. Omdat dit so 'n uitgebreide studie sal wees, is besluit om slegs die inhoud van die Algemene Didaktieksillabus weer te gee¹⁾, min of meer logies.

1. Vgl. 5.4, p. 181.

gerangskik en om dan net een voorbeeld van n logies-psigologies gerangskikte leerstofeenheid te gee. Hieronder volg n voorbeeld van so n eenheid.

Eenhede 6 tot 11: Algemene Didaktiese Beginsels.¹⁾

Eenheid 6. Die Totaliteitsbeginsel.

Tyd Vereis: 3 Periodes.

Doelstellings:

- 1) Om die student te laat beseef dat insig in die Didaktiese beginsels as basis van doeltreffende metodiek, belangrik is.
- 2) Om die student insig in die kerngedagtes van die totaliteitsbeginsel te laat verwerf.
- 3) Om die student in staat te stel om die verband tussen die totaliteitsbeginsel en die onderwyspraktyk raak te sien en om hierdie kennis self toe te pas.

Leerstof:

- 1) Inleiding tot die Algemene Didaktiese beginsels:

Vertel van mediese dokter (Duminy, p. 15). Blote kennis van die metode („wat“) sonder insig in die „waarom“ is nie voldoende nie.

Die Didaktiese beginsels wil die student help in staat stel om die „waarom-vraag“ te beantwoord.

1. Hierdie eenheid is saamgestel met o.a. die volgende voorbeelde in gedagte:

Preller, op. cit., p. 278, e.v.

Muller, op. cit., p. 366, e.v.

Bevelander, C. e.a. Kernproblemen uit de Algemene Didactiek van het basisonderwijs, p. 202 - 206.

2) Die Totaliteitsbeginsel:

- a) Laat n student vir n rukkie by die klaskamervenster uitkyk. Stel daarna n aantal vrae aan hom oor wat hy gesien het. Lei klas op hierdie wyse om tot die besef te kom dat hy net hooflyne (gehele) waargeneem het en nie besonderhede nie. Gebruik ander soortgelyke voorbeelde. Op hierdie wyse kan die studente tot insig in die volgende beginsel gelei word: Die kind (mens) ervaar die wêreld as n eenheid.
- b) Stel vrae soos die volgende aan die studente: Kan jy goed in die klas konsentreer as een van jou ouers tuis ernstig siek is? Lei die studente m.b.v. vrae soos hierdie tot insig in die volgende beginsel: Die mens as n geheel is geplaas in die totaliteit van die omringende kulturele en stoflike wêreld. (Die kind as totaliteit - nie net sy intellek nie - is die skool se verantwoordelikheid).
- c) Praktiese implikasies van bg. twee beginsels:
- (i) Die kind as totaliteit moet in die skool opgevoed word. (Verwys o.a. na die doelstellings van die Bantoe Laer Primêreskool soos geformuleer in die kurrikulum van genoemde skool). Waarom neem die primêreskoolkind Godsdiensonderrig, Liggaamlike Opvoeding, ens?

- (ii) Die invloed van die omgewing op die kind.
- (iii) Invloed van bg. beginsels op die metodiek, bv. die globale metode van aanvangslees.
- (iv) Elke les moet n eenheid wees wat in die vak as n eenheid inpas.

Opmerkings.

Aangesien die Didaktiese beginsels abstrak is, moet dit so aangebied word dat dit by die student se ervaringswêreld aanpas. Vermy dus onnodige abstrakte redenasies. Die essensiële is dat die student die kerngedagtes sal begryp, die verband daarvan met die onderwyspraktyk kan insien en dit self in die praktyk kan toepas. Ten einde laasgenoemde te bereik, moet na probleme van die Besondere Didaktiek verwys word, bv. hoe sal die student die totaliteitsbeginsel in die inleidingsles aan die begin van die jaar in St. 5 Sosiale Studie toepas? Hoe word aanvangslees in Sub A onderrig? Waarom? ens.

Naslaanwerke.

- (a) Aarts, Jos. Beknopt leerboek der Algemene Didactiek.
- (b) Bevelander, C. e.a. Kernproblemen uit de Algemene Didactiek van het basis-
onderwijs.
- (c) Duminy, P.A. General teaching method.
- (d) Duminy, P.A. African pupils and teaching them.

- (e) Kruger, J.H. & Krause, F.J.L.
Kind en Skool.
- (f) Van der Stoep, F. & van der Stoep, O.A.
Didaktiese Oriëntasie.
- (g) Van der Stoep, F. Didaktiese Grond-
vorme.

5.6 Naslaanwerke en Toetsprogram:

Die naslaanwerke kan soos hierbo by elke eenheid ingesluit word. Wat 'n voorbeeld van 'n toetsprogram aanbetref, is dit slegs moontlik om 'n voorbeeld van so 'n program in te voeg nadat 'n groep eenhede wat verwant is, afgehandel is. Dit dien dus geen doel om in hierdie verhandeling 'n voorbeeld van so 'n toetsprogram in te sluit nie.